

30 Oktober

Johannes 2: 50-51

Die hemel geopen - Julle sal die hemel oop sien...

Wanneer die ware Israeliet die ware Koning van Israel ERKEN en HERKEN ontvang hy die belofte van 'n uitsig op 'n oop hemel. Natanael sal wat in die hemel gebeur kan VERKEN.

Wanneer word hierdie belofte vir Natanael waar? In Openbaring 14 sien Johannes 144 000 uitverkorenes voor die troon van God staan. Natanael is ook daar, want: in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie (Openb. 14:5 (1933/53-vert.)). Moet Natanael (en ons) tot dan wag om 'n oop hemel te VERKEN?

NEE! Dadelik die volgende dag, as dinge met die wyn by die troue te Kana skeef loop, sien Natanael Jesus Christus in beheer. Omdat Jesus in beheer is, is die hemel oop. En waar die hemel oop is, reën dit genadegeskenke (Ef. 1:3).

Daarom, wie Jesus Christus se Koningsheerskappy erken en herken; vir hom staan die hemel oop bo elke bord kos of toebroodjie. Engele gaan vir hom op en af bo elke gelukkige dag met sy gesin. Hy sien die Seun op sy troon sit elke Sondag as die gemeente in sy Naam bymekaar mag wees.

Die hemel is oop bo Stefanus as hy doodgemartel word (Hand 7:56), bo Petrus as hy geroep word (Hand 10:1) en bo Johannes as hy troos soek vir die kerk in die eindtyd (Openb. 4:1). En deur die genade van Christus staan die hemeldeure ook oop bo my en jou vandag.

Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie (Openb. 3:8).

Sing Psalm 68:8 en 9

Ds. W.C. Vergeer (Randfontein-Noord)